Nasionale Dieregesondheidsforum(NDGF)

7 September 2016

Persvrystelling aan alle Media vanaf die NDGF

Brusellose is 'n siekte wat tans besig is om die Lewendehawe industrie te vernietig en kan ook na mense oorgedra word.

Brusellose versprei tans ongehinderd in die meeste van Suid-Afrika se provinsies. Die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye tesame met die Industrie se Nasionale Dieregesondheidsforum is daartoe verbind om deur gesamentlike aksies brusellose te beheer en uiteindelik uit te roei. Dit sal beteken dat alle partye i.e. boere, lewendehawe organisasies, DAFF en die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging deur RuVASA praktisyns hulself moet verbind tot hierdie saak indien die doelwit om brusellose onder beheer te bring, bereik wil word.

Die NDGF in samewerking met DAFF sal persverklarings oor die volgende paar maande vrystel om bewusmaking van die siekte aan alle rolspelers bekend te maak. Ons doen 'n beroep op die Media om betrokke te raak in ons gesamentlikeaksies om alle betrokke partye goed ingelig te hou. Ons sien uit na 'n betekenisvolle verhouding met die Media. Alle verdere navrae kan gerig word aan Marzanne Polydorou (admin@csvet.co.za).

Die uwe

Dr Pieter Vervoort (BVSc)

Voorsitter NDGF

Brusellose beheer initiatief van die Nasionale Diere Gesondheidsforum

VET - Vaccinate Educate Test